Dinsdag **28 Mei**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**

**Fokusgedeelte: Openbaring 21:1, 5a**

## God skep die nuwe hemel en die nuwe aarde

Die aarde, soos ons dit ken, sal nie vir ewig voortbestaan nie. In Openbaring 21:1 word ’n nuwe hemel en aarde beskryf.

Die woorde: “Kyk, Ek maak alles nuut” veronderstel dat alles in die mag van die sonde vasgevang is. In ons sware stryd hou ons genadiglik aan hierdie belofte van God vas. Hy heers en beheer alles en almal.

Dat Hy alles nuut maak, kan ons glad nie met ons beperkte verstand voorstel nie. Met Christus se wederkoms sal ons dit volmaak beleef. Dat Hy alles nuut maak, is in die onvoltooide teenwoordige tyd neergeskryf. Hy is dus lank reeds met hierdie proses besig. Met Christus se oorwinning oor die sonde, Satan en die dood het Hy reeds daarmee begin. As Begin en Einde van alles, sal Hy dit wat Hy in Christus begin het, voltooi.

Wat ’n helse verskrikking wag op die goddelose! Hulle eindbestemming is om vir ewig die oordeel van Godverlatenheid te beleef. Vir hulle is daar geen plek op die nuwe aarde onder die nuwe hemel nie.

Soms vergeet ons dat God se belofte van alles nuut maak, in die onvoltooide teenwoordigheid staan. Ons raak uitsigloos, moedeloos, haastig en opstandig. In kleingeloof staar ons onsself blind teen al die negatiewe dinge. Ons moet eerder op God en sy onbeskryflike heerlikheid en mag fokus. Om as volmaaktes vir ewig in ongestoorde gemeenskap in sy teenwoordigheid te lewe. Om Hom volmaak, vir ewig, te dien en te eer.

God die Heilige Gees staan ons in ons swakheid by. Hy rig ons lewens op God. Hy maak ons geestelik dors om op die nuwe aarde in volmaakte harmonie met God te lewe. Dood, leed, smart en pyn sal nie meer bestaan nie.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1-5*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*